

GRAAD 9 NW WEEK 13 – 17 Julie

Merk jou werk p 100 no 6

a) Suurstof en water

b) Die olie hou die lug uit die buis uit

c) yster + water + suurstof → ysteroksied

d) Hou die motor in die motorhuis of bedek die motor met bv 'n seiltjie om kontak met water te verhoed.

Was die motor gereeld om sout en ander besoedelende stowwe wat roes versnel, te verwyder

Poleer die motor om dit met 'n waterdigte lagie te bedek

DINSDAG

Doen toets jousef op p 100 asook die summatiewe assesering op p 103

Reaksies van nie- metale met suurstof bl 101

Nie metale kom aan die regterkant van die periodieke tabel voor.

Suurstof reageer ook met nie metale en wanneer 'n nie metaal met 'n oormaat suurstof brand word 'n nie-metaaloksied gevorm

Die woordvergelyking: Nie-metaal + suurstof → nie-metaaloksied. As die nie-metaaloksied in water opgelos word is die oplossing SUUR

In SA hou ons van braai. Houtskool of gewone hout is 'n vorm van KOOLSTOF (C). Houtskool brand in suurstof (jy onthou mos suurstof onderhou verbranding). Die produk is koolstofdioksied

Woordvergelyking: koolstof + suurstof → koolstofdioksied

Chemiese vergelyking : $O_2 + CO_2 \rightarrow CO_2$ Jy kan seker sien die vergelyking is gebalanseer. **Onthou enige vergelyking wat jy skryf moet jy balanseer**

As ons swael, wat 'n soliede geel nie-metaal is in suurstof brand vorm 'n gas wat gevaarlik is.

Woordvergelyking : swael + suurstof → swaeldioksied

Chemiese vergelyking : $S + O_2 \rightarrow SO_2$, vergelyking is gebalanseer

Hoop julle het gesien suurstof is altyd O_2 as hy op sy eie voorkom

Koolstofdioksied en swaweldioksied is ook twee kweekhuiskasse wat erge besoedeling veroorsaak

DONDERDAG

Ons gaan op bl 104 met sure en basisse begin

JY weet teen die tyd dat ons stowwe kan klassifiseer volgens hul digtheid, smeltpunt, kookpunt en nog baie ander dinge. Ons gaan nou stowwe klassifiseer volgens hul **Ph-WAARDE**. Ons praat van die Ph-SKAAL. Die skaal strek van 0 tot 14, waar 7 in die middel is. Stowwe met 'n Ph waarde van 7 is dus neutraal. Stowwe met 'n waarde van 0 tot net minder as 7 is suur, terwyl stowwe met 'n waarde van bo 7 tot 14 'n basis is

Eienskappe van sure:

1) sure is bytend of korroderend. Dit beteken dit sal jou brand en korroderend beteken dit kan materiale wegvreet.

2) Dit proe suur, maar proe asb net aan suurlemoene en asyn. Die ander sal jou tong wegvreet

3) sure het 'n Ph waarde van 0 tot 7. Hoe kleiner die waarde hoe sterker is die suur

Mens kry swak (huishoudelike) sure en sterk sure (laboratorium sure)

Swak sure : sitroensuur in suurlemoensap

Asynsuur in asyn

Tannien in tee

Melksuur in suur melk

Sterk sure: Soutsuur of waterstofchloried HCl (dit wat mens in swembad gooi)

Swawelsuur of waterstofsulfaat of battery-suur H_2SO_4

Salpetersuur of waterstofnitraat HNO_3

JY MOET DIE NAME KEN

Eienskappe van basisse:

1) proe bitter, moet asb nie proe nie want dit kan ook jou tong wegvreet, behalwe aan koeksoda

2) Voel seperig

3) het 'n Ph waarde van bo 7 tot 14

4) Wanneer 'n basis in water oplos sê ons die oplossing is alkalies

Swak basisse: Handy Andy en ander skoonmaakmiddels

Koeksoda, bakpoeier

Sterk basisse: Natriumhidroksied of bytsoda NaOH (gooi in verstoppte drein)

Ammoniak NH_3

Kaliumkarbonaat K_2CO_3

Natriumkarbonaat Na_2CO_3

JY MOET DIE NAME KEN

LEER DIT